# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 10 JULIE 2022

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter (1)

### SKATTEMARK | 30 JULIE

Kom kuier saam op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 en spoor 'n paar skatte van onskatbare waarde op. 'n Groot verskeidenheid gebruikte, maar bruikbare items gaan verkoop word. Daar sal ook 'n lekker verskeidenheid eetgoed soos pizzas, worsbroodjies, koffie, lekkergoed en springmielies te koop wees.

Dit beloof om 'n heerlike uitstappie vir die hele gesin te wees.

### 'N AAND SAAM MET MARION HOLM

Donderdag 18 Augustus om 19:00 in die kleinsaal. Kom geniet 'n aand vol humor en inspirasie en boonop 'n ete teen slegs R200 per persoon saam met die bekende Marion Holm. Kaartjieverkope ten bate van MES Kaapstad. Kaartjies te koop by Anneke, anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

### WELKOM AAN MARIUS EN PAULINE

Dit is vir ons 'n voorreg om ds. Marius Schoombie, nuwe voltydse leraar met die fokus op jeug, en sy vrou, Pauline, in Stellenberg te verwelkom. Hy word op Sondag 24 Julie tydens die Relevantdiens om 18:00 in die kerk voorgestel.

### DOOP VANDAG

Johan en Janeska van Dyk, laat doop vir Lia van Dyk.

### BESTEL PANNEKOEK BY EDELWEISS

Edelweiss bak weer op Vrydag 22 Julie pannekoek teen R7 elk. Bestellings kan voor 20 Julie by 021 976 1150 of edelweissontvangs@gmail.com of 083 630 0545 bestel word.

#### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

#### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

#### BREIGROEP

Ontmoet weer op Maandag 8 Augustus om 09:30 in die markplein.

#### DEUROFFERS

Geen deuroffers tydens die skoolvakansie nie.

## VATVYF-BYEENKOMS

Ons kuier op Woensdag 20 Julie by die Koffie en Krummel-koffiewinkel op die kerk se terrein. Ons ontmoet mekaar om 10:00 by die koffiewinkel. Elkeen betaal vir hom- of haarself. Geen vooraf besprekings is nodig nie.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## BOUWERK BY DIE SAALKOMPLEKS

Bestaande lokale in die grootsaal word omskep in kantoorruimte vir die nuwe jeugleraar en 'n administratiewe beampte en sal voortaan saam met die jeuglokaal as 'n jeugsentrum benut word. Die muur tussen die ou kafeteria-area en die voorportaal na die nisse is verwyder om die kafeteria-area te vergroot. Die ingang na die nisse is ook verskuif en is nou meer toeganklik vir besoekers.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 slegs tydens skoolkwartale in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.